

<https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/die-slag-van-bannockburn-n-skotse-vryheidsles/>

Die Slag van Bannockburn – ’n Skotse vryheidsles

23 Junie 2020

Deur Barend Uys



'n Standbeeld van Robert the Bruce King of Scots. (Foto: Martin Kraft/Wikimedia Commons)

Deur Barend Uys

“For God and St. Andrew”

Robert the Bruce King of Scots planted his Standard near this spot when the Scottish Patriots under his command vanquished the Army of Edward II of England at the Battle of Bannockburn

24th June - 1314

Hierdie woorde staan op die monument wat opgerig is op die Bannockburn-slagveld suid van die stad Stirling in Skotland. Die slag is oor twee dae, op 23 en 24 Junie 1314 geveg. Hierdie slag vorm deel van die Skotse onafhanklikheidsoorloë wat hul oorsprong het in 1296 toe Edward I van Engeland Skotland binnegeval en vir Koning John Balliol van die troon

verwyder het. In 1297 behaal William Wallace en Andrew Murray 'n roemryke oorwinning oor die Engelse tydens die Slag van Stirling-brug. Die bordjies word egter verhang met Wallace se nederlaag tydens die Slag van Falkirk in 1298. Wallace word in 1305 gevange geneem en op bevel van Edward I wreedaardig om die lewe gebring. Robert Bruce word in 1306 as Koning van die Skotte gekroon. Edward I sterf in 1307 en Bruce kry beheer oor die grootste gedeelte van Skotland deur 'n guerrillaoorlog te voer.

Die Slag van Bannockburn (Bannock-spruit) was een van die opspraakwekkendste gebeurtenisse in die Skotse geskiedenis. Die Skotte is aangevoer deur Koning Robert Bruce en die Engelse deur Koning Edward II. Die Engelse leër, die grootste ooit om Skotland in te val, was 20 000 man sterk, maar het moeg op die gevegsterrein aangekom as gevolg van die uitmergelende opmars vanaf Berwick, 'n hawestad aan die noordoostelike kus van Engeland. Die Skotte was slegs 8 000 in getal, maar het weke lank geoefen om schiltronse te vorm. 'n Schiltron bestaan uit 'n groep soldate wat met pieke (lang spiese wat met twee hande vasgehou moet word) en skilde veg. Die gebruik van 'n reghoekige schiltron wat ook vir aanval gebruik kon word, word aan Robert Bruce toegedig.

23 Junie 1314



Die monument op die Bannockburn-slagveld in Skotland. (Foto: Martin Kraft/Wikimedia Commons)

Die Engelse leër het met die Romeinse pad (waarvan dele nou nog sigbaar is) vanaf Falkirk suidoos van Stirling opgeruk om Stirling-kasteel te ontset. Een van die mees dramatiese oorlogsgebeure van die Middeleeue het gevolg.

Robert Bruce het sy koninklike standaard in die omgewing waar die Bannockburn-monument vandag staan, geplant. Die Engelse voorhoede, twee Engelse ridderformasies onder bevel van die graaf van Gloucester en die graaf van Hereford het die Skotse agterhoede, onder bevel van Bruce, aangeval. Sir Henry de Bohun, 'n familielid van die graaf van Hereford, het vir Bruce, wat op 'n klein perd en slegs met 'n strydbyl gewapen was, raakgesien en op Bruce afgestorm. Bruce het kopgehoud en op die laaste oomblik sy perd rats uit die pad beweeg, in sy stiebeuels opgestaan en de Bohun se helm en kop in twee gekloof. Die Engelse voorhoede is daarna deur die Skotse schiltron teruggedryf terwyl 'n ander schiltron by St. Ninians gekeer het dat 'n Engelse ridderafdeling die Stirling-kasteel bereik.

Omdat die uitgeputte Engelse nie verder kon vorder nie, steek hulle die Bannockspruit oor en slaan kamp op op die stuk grond tussen die Pelstream- en die Bannock-spruit. 'n Skot het daarop uit die Engelse kamp gedros en Bruce ingelig dat die Engelse vasgepen is tussen die

banke van dié twee spruite. Daarop het Bruce besluit om met eerste lig die volgende dag aan te val.

24 Junie 1314



Die monument op die Bannockburn-slagveld in Skotland. (Foto: Martin Kraft/Wikimedia Commons)

Met sonsopkoms het die Skotte uit Balquhidderock-woud te voorskyn gekom en gekniel in gebed waarna drie schiltronks die onvoorbereide Engelse leër aangeval het. Die Engelse ridders se weerstand is onsuksesvol en hulle word deur die diggepakte pieke van die Skotte teruggedryf.

Die drie Skotse schiltronks smelt saam en ruk so vinnig op dat die Engelse ridders binne hul eie voetsoldate teruggedryf word. Aangesien die Engelse leër tussen die spruite vasgepen is, word baie voetsoldate doodgetrap. 'n Afdeling Engelse boogskutters voer 'n flankaanval uit, maar word deur 500 berede Skotte verpletter. Skotse spiessoldate seëvier ook in die hewige hand-tot-hand-gevegte wat volg.

Edward II word daarna van die slagveld verwyder, maar word toegang tot Stirling-kasteel geweier. Bruce se reserwemag, die sogenaamde kleinvolk, betree die slagveld by Gillies-koppie. Hierna word die Engelse paniekerig en slaan op die vlug; baie soldate verdrink in die Bannock-spruit. Die Engelse leër is verpletter en Edward II vlug uiteindelik na Dunbar (oos van Edinburgh) en neem 'n skip suidwaarts. Kort ná afloop van die slag het Bruce 'n

parlementsitting by die Cambuskenneth Abdy gehou, waarvan een kloktoring vandag nog staan.

Gevolge

Die slag het vir Robert Bruce die koningskap van Skotland verseker. Die Skotse onafhanklikheidstryd is egter eers veertien jaar ná die Slag van Bannockburn voltrek met Engeland se erkenning van Bruce as koning van die Skotte en Skotland se onafhanklikheid met die Verdrag van Edinburgh in 1328. Dit is net gepas om af te sluit het die woorde wat op die monument op die slagveld staan:

“We fight not for glory, nor for wealth, nor honour but only and alone we fight for freedom which no good man surrenders but with his life.”

- *Barend Uys is hoof van navorsing en ontwikkeling by AfriForum.*